# Klein Lochieland

**Nuusbrief Graad R en RR**

*Lourensrivierweg / Posbus 124*
*STRAND*
*Tel: 021-8548592*
*E-pos:*
*adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za*

2026-04-30

Liewe Ouers

**SELFSTANDIGHEID**

Selfstandigheid is een van ons Lochie waardes en ons wil graag al by Klein Lochieland daaraan begin werk. Hulle kan van hierdie kwartaal af sélf na hul klasse stap. Ma of pa kan hulle by die hek groet. Hulle moet leer om dinge vir hulself te doen en daarom sal dit ‘n goeie beginpunt wees om by die skool te begin. Self instap en self hul eie tas dra en verantwoordelikheid neem daarvoor.

Ons vra ook dat ouers hul kleuters sal aanmoedig om verantwoordelikheid vir hul eie klere te neem. Ons het alreeds na een kwartaal ‘n krat vol verlore klere en skoene.

‘n Kleuter wat reeds op vyfjarige ouderdom selfstandigheid toon en verantwoordelikheid neem, gaan baie makliker deur hul skoolloopbaan as ‘n kleuter wie se ouers alles vir hom of haar doen.

Kom ons werk saam aan ons kleuters se selfstandigheid!

**1000POOT-PROJEK**

Laerskool Lochnerhof en Klein Lochieland wil graag die leerders bewus maak van uitreikingswerk om die gemeenskap by te staan. Daarom pak ons die opwindende 1000POOT-projek aan, wat die volgende behels: Leerders bring ‘n swartsak met items wat uitgegooi of nie meer gebruik word nie. Die skenkings gaan aan Ons Winkel Strand. Die items word daar herverkoop en die opbrengs word gebruik om rentevrye studielenings vir behoeftige studente van die Helderberg te befonds. Jou oortollige items kan dus die sleutel tot iemand se toekoms wees.

Ons vra dat u die langnaweek ‘n tydjie sal afknyp om u kaste en stoorkamers reg te ruk. Kom ons wees die verskil in iemand se lewe! Ons gaan die duisendpoot op die A-veld uitpak aan die einde van die projek.

**Week 1: 4-8 Mei:** Ou klere en skoene (Die ou klere kan in ‘n swart sak skool toe gestuur word. Die skoene kan apart gestuur word sodat ons vir die duisendpoot “pote” kan gee.
**Week 2: 11-15 Mei:** Speelgoed en skryfbehoeftes
**Week 3: 18-22 Mei:** Kombuisware en linne
**Week 4: 25 Mei-29 Mei:** Sporttoerusting

## GRAAD R-INLIGTING:

**AANTREKDAG: VRYDAG 8 MEI**

Om by ons tema van die week aan te pas gaan ons Vrydag ‘n aantrekdag hou. Trek aan soos wat jy eendag wil word, bv. ‘n juffrou, ‘n boer, ens.

**INSTAPPIES:**

- **14 MEI:** *Boekbuddies* besoek die graad R-kleuters.
  Kostes: R50-00 per kleuter
  Betaling geskied op die D6, asb.
- **22 MEI:** *Megan’s Petting Farm* besoek die graad R-kleuters.
  Kostes: R45-00 per kleuter
  Betaling geskied op die D6, asb.

**TROLLIEPROJEK:**
Ondersteun die projek en stuur asb. kruideniersware skool toe. Slegs een item van die graad R-lys. Die projek is verleng tot Vrydag, 8 Mei.

| | | |
|---|---|---|
| Ons tema vir volgende week is: | **BEROEPE (MEDIES)** | |
| Ons persepsies gaan wees: | Kleur: | **Hersiening** |
| | Vorm: | **Hersiening** |
| | Getal: | **5 en vyfde** |
| | Klank: | **l-klankie** |

Assesserings: **Verdeel woorde in lettergrepe**
**Tel van 1 tot 20**
**Tel terug van 6 tot 0**
**Balanseer op een been**

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | 4 Mei: | Bring 'n uitgeknipte **l-klank** prent, asb. |
| Dinsdag | 5 Mei: | Ek teken 'n man in uniform |
| Woensdag | 6 Mei: | Ek rangskik inspuitings van 1 tot 4 |
| Donderdag | 7 Mei: | Ons maak 'n mediese tassie |
| Vrydag | 8 Mei: | ***Aantrekdag: Trek aan soos wat jy eendag wil word.***<br>***Gordonsbaai Sekuriteit besoek ons skool***<br>***Laaste dag vir Trollieprojek-items*** |
| Sondag | 10 Mei: | ***Gelukkige Moedersdag aan al ons Klein Lochie ma's!*** |

## GRAAD RR-INLIGTING:

**AANTREKDAG: VRYDAG 8 MEI**
Om by ons tema van die week aan te pas gaan ons Vrydag 'n aantrekdag hou. Trek aan soos wat jy eendag wil word, bv. 'n juffrou, 'n boer, ens.

| | | |
|---|---|---|
| Ons tema vir volgende week is: | **BEROEPE** | |
| Ons persepsies gaan wees: | Kleur: | **Oranje** |
| | Vorm: | **Ovaal** |
| | Getal: | **7** |
| | Klank: | **o** |

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | 4 Mei: | Ons maak 'n Moedersdagkaartjie |
| Dinsdag | 5 Mei: | Ons maak 'n bakker-prent |
| Woensdag | 6 Mei: | Ons kleur 'n weermagman in |
| Donderdag | 7 Mei: | Ons maak koekies vir die bakker |
| Vrydag | 8 Mei: | ***Aantrekdag: Trek aan soos wat jy eendag wil word.*** |
| Sondag | 10 Mei: | ***Gelukkige Moedersdag aan al ons Klein Lochie ma's!*** |

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel